# Goeie Nuus Good News

NOU REEDS 25 JAAR OUD!

25

GRATIS

April 2023

AANLYN-UITGAWE
ONLINE EDITION



Posbus 1957
Potchefstroom 2520
Tel: (018) 293 1996
www.goodnewsmessage.co.za
Goeie Nuus Koerant - Good News Newspaper


# KWARTEEU!

Op verskeie maniere en by verskillende geleenthede het die Here met ons gepraat oor die publikasie van 'n Christelike koerant.

Aangesien ons albei na 17 jaar in voltydse gemeentelike bediening uitgebrand was, geen vaste beroep beoefen het nie, deeltyds op allerlei maniere moes probeer om die spreekwoordelike "pot aan die kook te hou", drie kinders op skool gehad het, maar geen fondse in die bank nie, was daar géén manier waarop ons so iets kon aanpak nie.

Die Here het ons egter gedurig uitgedaag om 'n sprong in die geloof te waag. Die aanhaling: "One drop of ink makes thousands, perhaps millions, think" het ons aan die hart gegryp en ons het besef dat die geskrewe woord baie mense kon bereik en in huise kom waar predikante nie altyd toegang verkry nie. Die geskrewe woord is ook nie vlietend van aard soos die gesproke woord nie en kan by herhaling gelees en bepeins word.

Op 7 Maart 1998 het 'n persoon, gehoorsaam aan die Stem van God, aan ons al die nodige rekenaartoerusting ter waarde van R12 000 geskenk! Kort hierna was nog twee persone gewillig om na God se Stem te luister en het een R4 000 en 'n ander een R1 000 aan ons gegee waarmee ons verdere programmatuur kon koop.

Met veel vrees en bewing het ons gesin onsself tot beskikking van God gestel en gedurende April 1998 het die eerste beskeie uitgawe van *"Goeie Nuus" / "Good News"* die lig gesien. Tienduisend eksemplare is gratis van huis tot huis in Potchefstroom versprei. Dit het ons voltydse strewe en bediening geword om die Blye Boodskap van Jesus Christus uit te dra. Ons bede is ook dat die inhoud mense sal aanspoor om hulle lewens opnuut aan God toe te wy, en hulle te bemoedig en te versterk sodat hulle met volharding die geestelike wedloop kan voltooi.

MAAR GOD was nog nie klaar met ons nie! 'n Jaar later gee Hy opdrag dat ons ook uitbrei na Klerksdorp. En só het Hy telkens nog dorpe op ons lysie bygevoeg:

1998 - Potchefstroom
1999 - Klerksdorp
2000 - Stilfontein en Hartbeesfontein
2001 - Orkney
2004 - Parys
2005 - Ottosdal, Tosca, Ventersdorp
2006 - Molopo-omgewing
2007 - Delareyville
2009 - Fochville
2015 - Wolmaransstad, Schweizer-Reneke, Koster, Derby, Viljoenskroon, Vredefort, Sannieshof en Biesiesvlei
2019 - Lichtenburg, Coligny, Leeuwdoringstad, Vierfontein, Makwassie.

Teen 2019 het ons 50 000 koerante maandeliks gratis versprei. Teen 2020 het ons reeds altesaam 8 miljoen gedrukte koerante versprei. Dit alles net deur God se genade!

Na soveel jaar kan ons met genoegdoening terugkyk en 'n voorlopige bestekopname maak. Soms het 'n bediening onmiddellike en ingrypende impak. Mense se verbeelding word aangegryp, lewens word onherroeplik verander, genesings vind plaas... Meer gereeld is daar 'n lang en pynlike voorbereidingstydperk. Dink maar aan die lewe van Jesus: Hy was in die skaduwees van vergetelheid vir 30 jaar voordat Hy op die toneel verskyn het. En ook gereeld gebeur dit dat die toets van sukses daarin lê dat die bedienaars bereid is om tree vir tree voort te gaan wanneer die oorspronklike opwinding lank reeds vergete is. Om steeds 'n dienaarshart te behou, 'n goeie gesindheid te bewaar, en om getrou bevind te word wanneer resultate onseker is en menslike waardestelsels dramaties verskil van die aktiwiteite waartoe God mense geroep het. Hierdie getroue voortgang word gebou op God se genade en instaatstelling.

Die *"Goeie Nuus" / "Good News"* vier hierdie maand, April 2023, sy silwer verjaarsdag - 25 jaar van diens aan die gemeenskap! Daar was tye van impak in mense se lewens. Daar was moeilike vormingsjare waartydens die legkaartstukke van die lewe reggeskuif moes word. Daar was en is getroue ondersteuning en bidders wat ons hande versterk. Daar was aanvalle en kritiek, daar was aanmoediging en skenkings.

COVID-19 het 'n dramatiese impak op ons wêreld se lewensgang gehad. Alles is omgekeer en dit het ongelooflike onsekerheid en globale vrees meegebring. Tog was die Here ook in daardie tyd by ons en het Hy voortgegaan om ons te lei en te bewaar. Weens die pandemie was ons egter genoodsaak om die gedrukte media vir eers te verruil vir digitale media. Alleen deur God se genade kan ons steeds voortgaan om elke maand lewende brood uit te deel aan baie mense, en met die hulp van medewerkers is daar nuwe, wêreldwye, digitale bedieningsvelde wat steeds oopgaan. God het in Sy getrouheid die negatiewe omgekeer en 'n positiewe wending gebring: soos wat mense nou betrokke raak om Sy Woord digitaal te versprei, word talle wat geestelik honger en hulpbehoewend gelaat is deur die COVID-pandemie, nou gevoed met geestelike brood van bemoediging en die waarheid van God se Woord.

God se seën is egter nie net sigbaar in getalle nie; Sy genesingskrag en liefdemag het duidelik geword in veranderde lewens. Hier volg enkele getuienisse van mense wie se lewens deur hierdie bediening aangeraak is...

1. Reeds met die eerste uitgawe van *"Goeie Nuus"* /

*Vervolg op p. 9*




# GEBARSTE REËNBAKKE OF STROME VAN LEWENDE WATER?

*"Want my volk het twee verkeerde dinge gedoen: My, die fontein van lewende water, het hulle verlaat om vir hulle reënbakke uit te kap, gebarste reënbakke wat geen water hou nie"* (Jer. 2:13 OV).

Jeremia leef in die opbloei van die Ystertydperk (±1 200 - 539 v.C.). Tot vandag toe het yster en staal ontwikkel in sterkte, hardheid, sagte staal, harde staal, vlekvryestaal en alle soorte staal. Ja, in die Steentyperk het die mense gereedskap van klip gemaak, en in die Bronstydperk is die gereedskap van brons gemaak. Maar by albei was die klip of brons nie hard nie. Toe volg die Ystertydperk.

God gebruik 'n metafoor, beeldspraak, om 'n boodskap aan Sy volk oor te dra: *"Die woord wat van die HERE tot Jeremia gekom het: "Maak jou klaar en gaan af na die huis van die pottebakker, en daar sal Ek jou My woorde laat hoor" (Jer. 18:1-2).*

In ons teksgedeelte sê Hy vir Jeremia, *"Gaan na die Kittiër-eilande toe en kyk 'n bietjie, stuur boodskappers na Kedar toe en dink goed na: Het daar al ooit so iets gebeur dat 'n nasie sy gode verruil het, selfs al was hulle geen gode nie? Maar My volk het My, hulle magtige God, verruil vir gode wat nie kan help nie. Selfs die hemel moet daaroor skrik en beef en sidder! sê die Here. My volk het twee sondes begaan: Hulle het My, die fontein van lewende water, verlaat, en hulle het vir hulle reënwaterbakke uit klip gekap (met gevorderde en "moderne" ystergereedskap van hulle tyd) reënbakke wat gebars is en nie water hou nie"* (Jer. 2:10-13).

Hierdie metafoor of beeldspraak verwys na die verre toekoms, na Jesus Christus. Ons lees byvoorbeeld, *"Op die laaste dag, die groot dag van die huttefees, het Jesus daar gestaan en uitgeroep: As iemand dors het, laat hy na My toe kom en drink! Met die een wat in My glo, is dit soos die Skrif sê: Strome lewende water sal uit sy binneste vloei. Hiermee het Hy na die Gees verwys, want die mense wat tot geloof in Hom kom, sou die Gees ontvang. Die Gees was nog nie uitgestort nie, omdat Jesus toe nog nie verheerlik was nie"* (Joh. 7:37-39).

Wat beteken dit alles vir ons tyd na die kruis? Jesus HET gekom, Hy HET gesterf aan die kruis, Hy HET opgestaan, Hy HET opgevaar na die hemel, Hy IS verheerlik en Hy HET die Heilige Gees gestuur vir elkeen wat in Hom glo. Strome van lewende water HET uit elke gelowige se binneste gevloei, en sal steeds vloei uit die binneste van hulle wat tot geloof in Christus kom. Dít is die teenwoordigheid van die Heilige Gees! Elke gelowige KAN Hom beleef in sy binneste.

Elke mens is geskape om in 'n lewende verhouding met sy/haar God te staan. Daarom hierdie soeke in jou binneste na die een ware God. Die Psalmis roep reeds uit: *"Soos 'n hert wat smag na waterstrome, so smag my siel na U, o God! My siel dors na God, na die lewende God; wanneer sal ek ingaan en voor die aangesig van God verskyn?" (Ps. 42:2-3).*

Ons het hierdie dors na God in ons wat onuitspreeklik intens kan word. Daarom nooi Jesus vir jou en my uit in Joh. 7:38, *"Met die een wat in My glo, is dit soos die Skrif sê: Strome lewende water sal uit sy binneste vloei."* Die frase "soos die Skrif sê" verwys na verskillende Skrifgedeeltes in die Ou Testament. Iemand skryf soos volg hieroor: *"The scripture (hē graphē).... No precise passage can be quoted, although there are similar ideas in several passages (Is. 55:1; Is. 58:11; Zech. 13:1; Zech. 14:8; Ezek. 47:1; Joel 3:18). Chrysostom confines the reference to Is. 28:16."*



Die hoofsaak is: Het JY al God beleef? Het JY al Jesus in jou hart ingenooi? En indien wel, drink jy nog by die Fontein van lewende water wat opspring tot in die ewige lewe? Dit mag dalk wees dat jy al baie jare 'n kind van God is, maar waar is jy nou, terwyl jy in die grootste krisis van jou lewe verkeer?

Dalk is jy ook een van hulle wat die Fontein van lewende water verlaat het, en vir jou gebarste reënbakke uitgekap het wat geen water hou nie. Die gebarste reënbakke kan wees dat jy volgens jou eie insigte, eie planne, eie opleiding, en eie pogings lewe, of na ander mense, selfs sielkundiges, kyk vir 'n oplossing van jou probleem, en al wat jy kry, is verwerping en misverstande! Dit voel of jy alleen is op hierdie aarde. Almal het jou verlaat!

Maar Jesus roep nog steeds: *"Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee. Neem My juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele; want My juk is sag en My las is lig"* (Matt. 11:28-30). Hy sê vir jou ook: Verlaat wéér eens jou gebarste reënbakke wat geen water hou nie, en kom drink by die Fontein van lewende water! Dit is standhoudend, en dit spring op tot in die ewige lewe! Sal jy nou op jou knieë neerval en Jesus vra om jou die Lewende Water te gee?

*© Dr JJ Venter*

# Waar is die Hemel?

Een Maandagoggend kry 'n man sy dominee in die dorp.

"Dit was 'n baie goeie preek wat u gister oor die Hemel gelewer het," sê hy. "Maar u het nooit vir ons gesê waar die Hemel nou eintlik is nie."

"Het ek nie?" vra die dominee. "Dan sal ek jou sommer nou daarheen beduie. Sien jy daardie woonstelblok?"

Die dominee wys na 'n verwaarloosde gebou op die hoek van die straat. "In woonstel nommer elf woon 'n gesin wat baie swaar kry. Gaan koop vir hulle 'n pakkie vleis, brood en melk. Neem dit vir hulle en sê dat jy dit in Jesus se Naam bring. Vra ook of jy vir hulle Psalm 23 kan lees en vir hulle kan bid. As jy dit gedoen het en jy voel steeds of jy nie in die Hemel was nie, sal ek jou elke sent terugbetaal wat jy spandeer het."

Die volgende dag klop die man aan die pastorie se deur.

"Dominee," sê hy met 'n stralende gesig, "ek was gistermiddag in die Hemel! Ek wil u net graag bedank dat jy my daarheen gestuur het. Ek besef nou dat die Hemel nie net 'n plek is waarheen die Here se kinders eendag sal gaan nie, maar dat 'n mens reeds Hemelse vreugde op aarde kan beleef!"

"Kom binne," nooi die dominee hom in. "Ek wil jou 'n teksvers wys wat ek in my beursie bêre. Dis die padkaart na Hemelse vreugde."

Op die kaartjie wat die dominee uithaal, is Spreuke 11:25: *"Wie 'n ander voorspoed gun, sal self oorvloed hê, wie die dors van ander les, sal self genoeg kry as hy dors is."*


"Dis baie waar" sê die besoeker, terwyl hy dit dadelik in sy notaboekie skryf. "Toe ek gister die arme mense se vreugde oor 'n bietjie kos sien, het my beker van vreugde oorgeloop!"

GIVE without Remembering and RECEIVE without Forgetting!

*- Oorgeneem*



# God's Beautiful Treasures



Can you identify these beautiful structures? (See photo to the right). NEWLY PUBLISHED IMAGES OF THE HUBBLE SPACE TELESCOPE of distant galaxies, perhaps? Creatures discovered in the depths of Earth's oceans? Maybe they are meteor fragments, insect brains, newfangled Lego pieces, or shells from exotic crustaceans?

The correct answer is even more mind-boggling than any of these guesses. These remarkable objects are *ordinary grains of sand!*

Under normal circumstances, a handful of sand looks drab and featureless, not much more pleasing to the eye than it would be to the palate. But all that changes with the right focus. Viewed at a magnification of around 250 times real life, that handful of sand is revealed to be thousands of tiny, multi-coloured particles of prismatic crystal, volcanic rock and spiral fragments, which time and the elements have jointly sculpted into striking formations.

Recently, for the first time, sand was photographed in a way that exposes the awesome beauty interlaced into every grain, and the images on this page are a few samples of the new photographic technique developed by the University College of London's Professor Gary Greenberg.

But God's masterful artistry is hidden not only at the microscopic level. Beside these images of sand, you could place telescopic photographs of the unfathomably vast Horsehead Nebula, and both sets of pictures would embody equally breathtaking beauty, but on scales so distant from each other they could not be compared. Beauty also permeates aspects of creation far smaller than sand grains, like the winding, curvaceous symmetry of a strand of DNA. It also saturates far broader vistas than that of the Horsehead Nebula, such as the stunning image that appears after we step away from the telescope, and that distant Nebula becomes a small, empty space between the stars of a radiant constellation.

God is the Author of beauty, and He wove it generously into every level of His creation, from the macrocosmic to the nanoscopic. Every facet and every layer of His physical creation reveals His awesome splendour!

*- Jeremiah Jacques, The Philadelphia Trumpet, March 2012.*

Prof. Greenberg's photographs are available on his website, www.sandgrains.com and in his new book, *A Grain of Sand*.

# PASEKA E FETILE - ENG JAANONG?

## (Easter's Over - Now What?)



*Johan Zerwick*
*Sêlê ke 083 458 3837*

### DITEMANA

Gonne Modimo o ratile lefatshe mo go kalo, mo o bileng wa le neela Morwaa-ona yo o tsetsweng a le esi, gore mongwe le mongwe yo o dumelang mo go ene a se ka a latlhega, mme a nne le bophelo jo bo sa khutleng (Johane 3:16).

Mme ene o phololeditswe ka ntlha ya maleo a rona, a teketelwa melato ya rona. Petso ya mo wela gore rona re bone kagiso. Mme re fodisitswe ka dintho tsa gagwe (Isaiah 53:5).

Ka moo he, yaang lo dire merafe yotlhe barutwa, lo ba kolobetse mo leineng la Rara le la Morwa le Mowa o o Boitshepo, lo ba rute go tlhokomela tsotlhe tse ke di lo laetseng. Mme itseng, nna ke na le lona ka malatsi otlhe go ya bokhutlong jwa lefatshe (Matheo 28:19-20).

Mme lo tla bona nonofo ya Mowa o o Boitshepo, motlhang o tlang mo go lona; lo tla nna basupi ba me mo Jerusalema le mo Jutea yotlhe le mo Samaria le go ya kwa bokhutlong jwa lefatshe (Ditiro 1:8).

### DIKAKANYO

Ke gone re tswang mo nakong ya Paseka. Batho ba bantsi ba ne ba ile kwa dikampeng, ba bangwe ba ile kwa dikhonferenseng mme ba bangwe ba ile kwa diseminareng. Ba itumeletse maeto mme ba itumeletse dithuto thata. Fa o ba botsa gore ba jele jang Paseka, ba re ba e jele monate thata. Mo lefelong la *Facebook* o bona ditshwantsho tsa dikopano le tsa ditshegofatso tse batho ba buang ka tsone. Potso e ke e botsang jaanong ke go re: “Paseka e fetile Eng jaanong?” Ka mafelo a beke ka nako ya Paseka re ne re rutiwa mme re gopola go bapolwa ga Jesu. Re jele selalelo mme re gopola mmele wa ga Jesu o o utlwisitsweng botlhoko mme re gopola le dipekere mme re fodisiwe ka dintho tsa gagwe. Re itumeletse le madi a Gagwe le go tsoga ga Gagwe ka gore di re tlisetsa pholoso mme di re tlhatswe dibe.

Jaanong re boetse ditirong tsa rona mme re boetse mo gare ga batho ba ba itseng Jesu le ba ba sa mo itseng. Re boetse mo tirong le mo tikologong e e nnang le batho ba ba sa eleng tlhoko gore ba bua jang le gore ba dira jang. wa kerekeng ka Paseka re ne re na le badumedi ba ba opelang le rona ba ba tlotlang Modimo le rona le ba ba rorisang Modimo le rona. Re ne re na le batho ba ba sa tsholaneng maswe le ba ba tletseng lorato. Jaanong rona re dira jang koo? Morago ga go gopotswa gore Jesu o swetse dibe tsa rona mo sefapaanong mme o beditswe mme o utlwisitse botlhoko jang gore re bolokwe, re phela jang jaanong? Go feta nako e kana kang gore re tswelele go dira dibe gape? Gore re leofe gape? Gore re utlwisane botlhoko gape? Gore re phedisane ka kilo gape? Gore re sebe re sebane gape? Wena o bontsha jang tebogo ya se o se jeleng ka nako ya Paseka? A o ngwana wa Modimo fela ka nako ya Paseka? O tsaya sebaka se se kana kang go lebala go bapolwa ga Jesu le go tsoga ga Gagwe? Kwa kampeng kampo kwa khonferenseng o ne o le moengele mme o le lorato.

A jaanong o lebetse gotlhe se o se rutilweng? Batho ba akanyang fa ba go bona kwa jaanong? A o sa ntse o le motho yoo wa kwa kampeng kampo wa kwa khonferenseng kampo kwa kerekeng ya nako ya Paseka kampo o setse o fetogile gape? Ipotse mme o ikarabele potso e! O tshola jang batho ba lelapa la gago? O tshola jang baagisane le badirimmogo ba gago? Jesu o akanya eng ka motho yo wena o leng ene ka Paseka le beke kampo kgwedi morago ga Paseka? Modimo o ratile lefatshe mo go kalo, mo o bileng wa re neela Morwaa-ona yo o tsetsweng a le esi, gore mongwe le mongwe wa rona yo o dumelang mo go ene a se ka a latlhega, mme a nne le bophelo jo bo sa khutleng. A lorato la Modimo ga o le kgathale? A tshotlego ya ga Jesu o setse o e lebetse mme ga o le kgathale? Modimo o batla gore re fetoge mme re nne bapaki ba Gagwe. Mongwe a kile a re re tshwanetse go nna Beibele e batho ba e buisang. Wena fa batho ba go lebelela kampo ba go buisa ka wena o ipitsa Mokeresete, ba bonang? A o morutabana wa nnete? A o Moeteledipele wa nnete? A o motlhanka wa Modimo wa nnete? Beibele e re kopa mme e re laola go nna bapaki ba efangedi. Ka moo he, yaang lo dire merafe yotlhe barutwa, lo ba kolobetse mo leineng la Rara le la Morwa le la Mowa o o Boitshepo, lo ba rute go tlhokomela tsotlhe tse ke di lo laetseng. Mme itseng, nna ke na le lona ka malatsi otlhe go ya bokhutlong jwa lefatshe. Mme lo tla bona nonofo ya Mowa o o Boitshepo, motlhang o tlang mo go lona; lo tla nna basupi ba me mo Jerusalema le mo Jutea yotlhe le mo Samaria le go ya kwa bokhutlong jwa lefatshe.

### THAPELO

Ntate wa rona yo o kwa legodimong re kopa o re thuse go nna bana ba ga Jesu ba ba siameng nako yotlhe. Re thuse re se lebale ka pele mme re tshwane le pele. Re thuse re nne bapaki ba Gagole lorato le Gago le pholoso ya Gago. Re thuse re se timane ka efangedi. Re fe nonofo ya Mowa o o Boitshepo gore re nne basupi Gago gotlhe kwa re tsamayang teng le kwa re direlang teng. Re thuse re se tlhabiwe ke ditlhong go tsamaya re bolelela mme re dire thato ya Gago.
Amen.

# THANK YOU, "GOOD NEWS"!

My name is Arnold Kandiwa. I came to South Africa in 2009. I left Zimbabwe where I was working in a butchery at the time. Things got worse in my country, and I lost my job. My brother was already living in South Africa, so I decided to come to South Africa, since there was no work in Zimbabwe.

I arrived at Beitbridge Border Station. I paid money to cross the border. However, the people were dishonest. They took my money, but then cut my trousers and held me back so that I could not reach South Africa. Fortunately, we could cross the border through another fence.

Circumstances grew even worse. When we crossed the border, we came to a nearby petrol station. A South African man saw us. He offered to take us to Musina for a fare of R100. We told him that we could not afford it. He was actually asking us too much. Still, he dropped us at Musina.

I was not a Christian at the time. A woman was selling 'pap'. I asked her for something to eat. Another man gave us cigarettes to sell so we could survive. The packets of cigarettes were soon finished and our money also. I soon met another man who attended a high school in Zimbabwe near the place where I had worked. Being desperate and hopeless, we started drinking…

We were hoping to reach Johannesburg to find a job. While we waited, we slept there on the ground. I recalled that when I was in Zimbabwe, I realized that something was missing from my life. I knew I had to call upon the Name of the Lord. I used to go to church. My parents used to tell us to go. But eventually, as young men, we just wanted to play and frequently skipped church. But I remembered my parents telling us that when we were in trouble, we had to call upon the Name of the Lord. So I told my friends, "We need to pray".

I prayed to the Lord to help me get a job and reach my brother in Potchefstroom. Later on, the second day, we started walking along the road. We tried to hike, but no one wanted to give us a lift. Then I just decided to kneel down and pray - right there in the road. And the Lord helped me!

It was late and we spent another night on the road. In the morning, I prayed again and we got a lift to Johannesburg. I later reached Potchefstroom. Once there, I went to Chris Hani Street every day to look for work, but I couldn't find any job.

One day, tired and hungry, I was walking down the street. A small paper, nestled in the branches of a tree, caught my attention. It was called the "Good News". I started reading.

There were two verses that impacted me. The first was Mark 10:43. I remember it so well! It said, **"But so shall it not be among you: but whosoever will be great among you, shall be your servant"**. So if you want to be great, you must be a servant.

The next verse was John 6:35 - **"And Jesus said unto them, I am the Bread of Life: he that cometh to Me shall never hunger; and he that believeth on Me shall never thirst."** I then started thinking, "What should I do? How should I change?"

This was the first verse I talked about at home to my wife, the one about Jesus being the Bread of Life. Everywhere I met someone, I was telling them about this verse! **"If anyone is thirsty, let them come to Me."**

Every day, for the next three months, I read those two verses. I felt such a peace when I read them! I thought, "Why do you go out and drink when you are not satisfied with life?" I was being convicted by these two verses of Scripture and realized that I had to change.

Some time later, I went to some shops to buy milk. There I met a lady, Elizabeth Hamman. She asked me, "Where do you come from?" I told her, "From Zimbabwe." She replied, "My mom likes people from Zimbabwe." She took my phone number and said that her mom would call me. Tannie Marietjie Hamman did call me. She invited me for a cup of coffee. I was still jobless at the time. She told me that she wanted to help me. She asked me a lot of questions. She asked whether I was a Christian. I was looking for a church at that time. She invited me to their Home Church. There I told them about those verses that I had read in the *"Good News"*, and that since reading them, I started thinking about going to church.

Marietjie asked me if I really understood what it meant to be a Christian. I didn't know anything. I realised that one can easily say that you are a Christian without knowing what it really means. She offered me a job as a gardener. Later on, I worked for different people: Tannie Christelle, Oom Jan, and Tannie Marietjie. I thus had a job for 3 days a week at



*Arnold Kandiwa*

R100 per day. I was so thankful for this means of livelihood!

I remember that when I started reading my Bible, I read Matt. 6:33 - **"But seek ye first the kingdom of God, and His righteousness; and all these things shall be added unto you."** I was so thankful for my new job and church! Tannie Marietjie kept helping me and teaching me. I asked her to tell me more. She read verses from the Bible and taught me from Scripture. For example, she referred to John 12:24 - **"Verily, verily, I say unto you, except a corn of wheat fall into the ground and die, it abideth alone: but if it die, it bringeth forth much fruit."** She taught me that if you wanted to be a disciple of Christ, you must count the cost. I kept on going to church and sincerely appreciated Tannie Marietjie's help, guidance, and teaching.

Later on, I was born again in that Mission Church. Whilst coming to church, I met several different people. I was offered two more days of garden work per week. I was so thankful to the Lord for providing a means to survive!

Since reading those verses the first time, I was looking for new editions of the *"Good News"*. I sometimes got hold of other editions. I also remember reading the story about a man who was sitting outside the church with torn shoes, but who was helped and welcomed into the fellowship of other Christians.


The *"Good News"* really helped and encouraged me! I came across Afrikaans and Tswana articles, which I did not understand, but the English articles were understandable. I like to read these stories! How they built my faith and helped me persevere!

Glory to God for using the *"Good News"* as a powerful instrument in my life and those of many others! May you be blessed!

## "Ek is die Here Jou God, Ek Vat Jou Hand" (Jes. 41:13)

Wat 'n pragtige belofte om elke dag mee te begin - ***Ek is die Here jou God, Ek vat jou hand.*** Is daar groter trooswoorde as juis hierdie vier? Kom ons luister na Sy Stem: "Is daar 'n tekort aan een of ander noodsaaklikheid in jou lewe? Ek vat jou hand - niks sal jou ontbreek nie. Is jy uitgeput en moeg na siel en liggaam? Ek vat jou hand en lei jou na waters waar rus is - Ek verkwik jou siel. Sit jy vasgevang in die diepste duisternis? Moenie bang wees nie - kyk, Ek is met jou. Ek vat jou hand. Ek vertroos jou. Hier is My stok en My staf, gebruik dit, en Ek sal jou uit die duisternis in die lig inlei. Is jou hart in stukke gebreek en sit jy bedroef en moedeloos langs die pad, glad nie lus om een tree verder te gee op jou lewenspad nie? Kom, vat My hand. Vir geen oomblik sal Ek jou begewe of verlaat nie - Ek vat jou hand en stap saam met jou die onbekende toekoms in. Die son sal jou bedags nie steek nie, nog die maan by nag, want Ek is elke oomblik aan jou sy. Kyk, Ek vat jou hand!"

Vat my hand, Heer, en hou dit styf vas!



# DIE STRANDLOPERTJIE

Sy was maar 'n skamele ses jaar oud toe ek haar vir die eerste keer ontmoet het...

Ek gaan gewoonlik strand toe elke keer as die wêreld vir my te klein begin word. Sy was besig om 'n sandkasteel of iets te bou, en toe sy opkyk, kyk ek in die pragtigste twee blou oë, so blou soos die see self. "Hallo," sê sy.

Ek antwoord met 'n knik van die kop, nou nie juis in 'n bui om gepla te word deur 'n klein dogtertjie nie.

"Ek bou," sê sy. "Ja, so sien ek. Wat bou jy?" Ek gee nie juis om wat sy bou nie. "Aag, ek weet nie, ek voel maar net lus om in die sand te speel."

Die idee trek my nogal aan, en ek trek my skoene uit. 'n Strandlopertjie vlieg verby. "Dis 'n vreugde," sê sy. "Dis 'n wat?" "'n Vreugde! Mamma sê dat 'n strandlopertjie vir 'n mens vreugde bring."

Die strandlopertjie verdwyn oor die duin. "Tot siens, vreugde," mompel ek vir myself, "hallo, pyn!" Ek draai om om te loop. Depressie het aan my geknaag - my lewe was 'n gemors!

"Wat is jou naam?" Hierdie dogtertjie gaan nie maklik tou opgooi nie.
"Robert," sê ek, "Robert Peterson." "Ek's Wendy… ek is ses."
"Hallo, Wendy." Sy giggel.
"Jy's snaaks," sê sy. Ek lag, ondanks die donker wolk wat oor my gemoed hang, en ek stap aan.

Haar giggel-laggie volg my. "Kom weer, meneer P," skree sy, "kom sodat ons nog 'n gelukkige dag kan hê!"

Ná 'n paar dae van onbeheerbare *Boy Scouts,* frustrerende vergaderings en 'n ou kranklike moeder, het die son een oggend so vrolik geskyn dat ek die skottelgoedwater van my hande afgeskud het, en vir myself sê: "Robert, jy het 'n strandlopertjie nodig."

Die heerlike soutseelug wag vir my, en ek gryp my jas. Die windjie is ysig, maar ek stap aan en probeer die rustigheid van die strand indrink, daardie rustigheid wat ek so nodig het.

"Hallo, meneer P!" roep sy my. "Wil jy kom speel?" "Wat het jy in gedagte?" Ek voel vieserig vir hierdie inbreuk op my gedagtes. "Aag, ek weet nie … Wat dink jy?" "Wat van kennetjie?" vra ek half-sarkasties. Haar laggie weerklink oor die strand. "Ek ken nie daai speletjie nie."
"Nou dan loop ons net." Ek kyk af na die lewendige figuurtjie, en ek kan nie help om die delikate bleek gesiggie raak te sien nie. "Waar bly jy?" "Daar anderkant," sê sy, en beduie in die rigting van 'n paar vakansiehuise.

Dis snaaks, dink ek - om in die winter in vakansiehuise te kom bly … "En waar gaan jy skool?" "Ek gaan nie skool toe nie - Mamma sê ons is met vakansie." Sy babbel aanmekaar terwyl ons stap, maar my gedagtes is ver weg. Toe ek haar later groet, sê Wendy dat dit 'n lekker dag was. Ek glimlag vir haar - snaaks genoeg voel ek ook beter.

Drie weke later hardloop ek na my strand toe. Dinge het nou te veel vir my geraak, en ek is nie in 'n bui om vir Wendy te groet nie. Ek sien iemand op die vakansiehuis se stoep sit - seker Wendy se ma - en ek voel asof ek vir haar wil skree: "Hou jou dogtertjie asseblief vandag tuis!" Ek stap vinnig, maar Wendy haal my in.
"Asseblief, nie vandag nie!" snou ek haar toe, "ek wil vandag alleen wees!"

Sy lyk vandag onnatuurlik bleek en uitasem. "Hoekom?" vra sy. Ek gaan staan, draai om na haar en skree: "Want my ma is dood!" En skielik wonder ek waarom ek dit vir hierdie kind vertel. "O," sê sy saggies, "dan is dit 'n slegte dag."
"Ja," sê ek, "én gister, én eergister, en… aag gaan tog net weg!" "Was dit seer?" Sy kan net nie ophou nie. "Was wát seer?" Ek is moedeloos, met die dogtertjie en met myself. "Toe sy dood is?" "Natuurlik was dit seer!" kap ek terug, sonder om die bedoeling agter haar vraag te verstaan. Ek draai om en stap haastig weg, diep ingedagte.

'n Maand of wat later, toe ek weer op die strand kom, was sy nie daar nie. Ek voel skuldig en skaam oor my gedrag, en… ek het haar nogal gemis. Ek stap na die vakansiehuis en klop aan die deur. 'n Vrou maak oop. "Ek is Robert Peterson," sê ek. "Ek mis jou dogtertjie vandag, en ek het gewonder waar sy is."

"O ja, meneer Peterson, kom in asseblief. Wendy het so baie van jou gepraat. Ek is so jammer dat ek toegelaat het dat sy jou pla. As sy 'n oorlas was - dan vra ek om verskoning." "Aag nee wat, sy is so 'n lewendige dogtertjie." En skielik besef ek dat ek werklik bedoel wat ek sê.

"Wendy is verlede week dood, meneer Peterson. Sy het bloedkanker gehad - het sy jou nie gesê nie?" Skielik draai die wêreld om my, en ek gryp haastig na 'n stoel. Ek is sprakeloos. "Sy was so lief vir hierdie strand, en toe sy vra dat ons hierheen kom, kon ek nie nee sê nie. Sy het soveel beter en gelukkiger gelyk. Maar die laaste paar weke het sy baie vinnig agteruitgegaan." Haar stem bewe. "Sy het iets vir jou gelos… as ek dit net kan kry. Sal jy omgee om 'n bietjie te wag - ek soek dit net gou?" Ek knik my kop, ek soek vir woorde, maar hulle ontbreek. Wat sê ek vir hierdie pragtige jong vrou?

Sy gee vir my 'n koevert met "MNR. P" in groot kinderletters daarop geskryf. Binne is 'n tekening in helder kleure - 'n geel strand, 'n blou see en 'n bruin voël, en onderaan die woorde: "'n Strandlopertjie om geluk te bring."

Ek kan die trane nie keer nie, en my kliphart wat lankal vergeet het wat dit is om lief te hê, kraak en breek. Ek neem Wendy se ma in my arms. "Ek is jammer, so bitter jammer," is al wat ek kan uitkry, en saam huil ons.

Daardie kosbare prentjie is geraam en hang in my studeerkamer. Ses woorde - een vir elke jaar van haar kort lewe - dit sê vir my iets van harmonie, dapperheid en onvoorwaardelike liefde. 'n Geskenk van 'n dogtertjie met seeblou oë en hare die kleur van die seesand - sy het my geleer van die geskenk van ware liefde…

Hierdie ware verhaal is opgeteken deur Robert Peterson. Dit het meer as 30 jaar gelede



afgespeel, en dit het sy lewe onherroeplik verander. Ons kan hieruit leer dat ons tyd moet maak vir mekaar en om die lewe te geniet. Die lewe is so gekompliseerd - die gejaag, en elke dag se probleme en traumas kan maak dat ons fokus verloor en van die dinge wat regtig saak maak, vergeet.

Gaan gee vir die mense in jou lewe vir wie jy lief is, vandag 'n ekstra drukkie - net om te sê dat jy omgee en vir hulle lief is. Gaan stap 'n draai in die tuin en ruik aan die blomme. Drink die skeppingswonder van God in, en gee aan Hom die eer!

Wendy het nie toevallig op Robert se pad gekom nie - daar is nie so iets soos toeval nie. Sy was daar met 'n doel. Só bring die Here dinge op ons pad met 'n doel. Soms is dit nie lekker nie, soms raak dit daar diep binne-in, waar 'n waslap nie kan was nie, aan jou hart. Maar sien die hand van God daarin, en dank Hom daar daarvoor.

Ek bid vir jou 'n strandlopertjiedag toe!
*[Uit: Shrink-stories, Eugene Kemp, Naledi, 2009].*

"Not all of us can do great things. But we can do small things with great love."
- Mother Teresa






# DIE TWEEDE VIOOL

*En Johannes het getuig en gesê: Ek het die Gees soos 'n duif uit die hemel sien neerdaal, en Hy het op Hom gebly. En ek het Hom nie geken nie; maar Hy wat my gestuur het om met water te doop, Hy het aan my gesê: 'Op wie jy die Gees sien neerdaal en op Hom bly, dit is Hy wat met die Heilige Gees doop.' En ek het gesien en getuig dat Hy die Seun van God is. Die volgende dag het Johannes weer daar gestaan en twee van sy dissipels; en toe hy Jesus sien wandel, sê hy: 'Dáár is die Lam van God!' En die twee dissipels het hom dit hoor sê en Jesus gevolg. En toe Jesus Hom omdraai en hulle sien volg, sê Hy vir hulle: 'Wat soek julle?' En hulle antwoord Hom: 'Rabbi - dit wil sê, as dit vertaal word, Meester - waar is U tuis?' Hy sê vir hulle: 'Kom kyk.' Hulle het gegaan en gesien waar Hy tuis was en dié dag by Hom gebly. En dit was omtrent die tiende uur. Andréas, die broer van Simon Petrus, was een van die twee wat dit van Johannes [die Doper] gehoor en Hom gevolg het. Hy het eers sy eie broer Simon gekry en vir hom gesê: 'Ons het die Messías gevind' - dit is, as dit vertaal word, die Christus. En hy het hom na Jesus gelei...* (Johannes 1:32-43a).

Baie mense sal feitlik enigiets doen om bekend en beroemd te wees. Net 'n beperkte aantal mense ontvang egter die talente en geleenthede om uit te styg bo die gewone. Petrus was so 'n mens. Die meeste van ons is doodgewone mense. Ons haal nie die koerante en die nuus nie. Ons is soos Andréas.

In 'n simfonie-orkes is daar onder meer die eerste en tweede viole. Die eerste viole is meer prominent. Hulle staan meer op die voorgrond, is meer in die kollig. Hulle speel die melodie. 'n Mens sou kon dink hulle is die belangrikste.

Dit sou egter jammer wees as daar nét eerste viole in 'n orkes sou wees. Daar sou 'n groot gemis wees, want sonder die tweede viole wat die melodie ondersteun en "vol" maak, sou 'n groot deel van die harmonie en skoonheid van die musiek verlore gegaan het. Dankie tog vir tweede viole!

En dank aan die Here dat Hy vir ons die "Petrusse" van die lewe gee. Dankie ook dat almal nie Petrusse is nie! Te veel Petrus-karakters en Petrus-geaardhede sou die lewe baie gekompliseerd gemaak het.



Dankie aan die Here vir die vele "gewone" mense, vir die Andréasse. Ek het 'n gevoel dat die meeste van ons in hierdie kategorie val. Dit is mense wat nie noodwendig die leiding neem nie, maar mense wat ons samelewing en ook die kerk van Christus bymekaarhou en die lewe vol en mooi maak.

As jy die gawes en persoonlikheid van 'n Petrus het, leef dit opreg en ten volle uit. Wees nederig oor die spesiale talente en geleenthede wat die Here aan jou toevertrou het. En jy, Andréas, speel jou tweede viool. Die orkes van die lewe sou ondenkbaar wees sonder jou!
*Of ek geroep is as eerste of tweede viool, Here, in U hand is my lewe die moeite werd. Amen.*

# Die Christen Moet Baie Naby aan Jesus Leef

Dit is nie altyd maklik om 'n Christen te wees nie, veral as dit nie gangbaar is tussen die mense waar jy werk of bly nie. Christene leef anders omdat God hulle anders gemaak het. Sekere dinge is vir hulle baie belangrik, omdat God dit vir hulle belangrik gemaak het. Daarom moet hulle soms 'nee' sê as ander mense graag 'ja' wil hoor. En die wêreld vergewe nie graag nie.

Christene kan maklik eenkant toe geskuif word en selfs seerkry omdat hulle Christene is. Dit kos baie om 'n Christen te wees in die wêreld; dit wil Petrus onderstreep. Maar God vergeet ons nie een oomblik nie. Hy is altyd by ons. Jesus het daarvoor gesorg dat ons veilig in God se hand is, al probeer die wêreld hoe hard om ons seer te maak.

1 Petrus is 'n brief van bemoediging. As Petrus sy gemeentelede begin moed inpraat, begin hy op die regte plek. Hy vra of ons regtig nog onthou wie ons is. As 'n Christen begin twyfel, besef hy of sy nog dat hulle spesiaal deur God gekies is om Syne te wees? Besef hulle dat God vir hulle 'n besondere werk in die wêreld gegee het, naamlik om Hom tussen ander mense te dien? Hulle moet hulle ook nie te veel aan hierdie wêreld en alles wat hier gebeur, steur nie. Die wêreld is nie die Christen se permanente blyplek nie. Hulle is op pad na God toe. Dáár is hulle tuiste. Daarom moet die Christene nie in hierdie wêreld en sy belange vasgroei nie.

Dit beteken nie dat Christene in die wêreld moet leef asof hulle niks daarmee te doen wil hê nie. Dit bly nog die plek waar hulle nou leef. Die Christen moet egter só leef dat God trots is op hom of haar. Of dit nou met die Christene goed gaan in die wêreld, of sleg, daar moet net een boodskap uit hulle lewe straal en dit is 'n boodskap wat van God vertel. Daarom moet die Christene enige lyding met 'n kop omhoog kan verdra omdat hy of sy 'n Christen is.

— ooo OOO ooo —

*"Julle moet mooi luister: die oorspronklike boodskap wat julle gehoor het, moet 'n groot invloed op julle uitoefen. As daardie boodskap julle lewe rigting gee, is dit eintlik die Seun en die Vader wat julle beheers en rig. Wat hou hierdie boodskap dan nou in? Dit: Jesus het julle 'n nuwe lewe saam met God kom aanbied.*

*Ek het hierdie dinge geskryf oor mense wat julle om die bos wil lei. Wat julle betref: julle het iets van Jesus gekry wat julle lewe totaal verander - Sy Gees het by julle kom bly. So het Hy julle in Sy spesiale span vir hierdie wêreld gesit. Hy wil hê julle moet spesiale dinge vir Hom doen. Niemand moet julle dus allerhande dinge kom wysmaak of probeer leer nie! Die Gees is julle Onderwyser en Gids in alles wat waar is. Julle kan Hom maar glo, want Hy lieg nie. Steur julle daarom aan niks en niemand anders nie, behalwe aan die Gees en wat Hy vir julle geleer het!*

*My liewe kinders, konsentreer nou daarop om baie naby Jesus te bly leef. Julle vra waarom? Wanneer Jesus weer sigbaar terugkom, sal julle dan nie so skaam hoef te voel dat julle wil weghardloop nie. Nie kop onderstebo nie, maar met oop arms sal julle Hom dan kan verwelkom.*

*Julle weet mos dat Jesus se verhouding met God in elke opsig foutloos is. In alles wat Hy doen, tree Hy reg op. Dit is vir julle die toets: elkeen wat so volgens God se wil reg optree, is 'n ware kind van God"* (1 Johannes 2:24-29).

*[DIE BOODSKAP, CUM, 1996].*

## Jou Lewe is 'n Boodskap

"Ek gee julle 'n nuwe gebod: julle moet mekaar liefhê. Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê. As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is" (Joh. 13:34-35).

Toe Jesus op die vooraand van Sy lyding staan, gee Hy aan Sy dissipels 'n baie belangrike boodskap: die wêreld sal slegs weet dat hulle Sy volgelinge is as hulle mekaar en ander liefhet.

Nee, dis nie 'n "liefde vir jouself" nie. Die daadkrag van die Kerk van Christus lê daarin dat die Here Jesus se liefde onder mense sigbaar is.

Hoe lyk Sy liefde? Dit word aan die begin van Johannes 13 deur die simboliese daad van voete-was geïllustreer. Waar die Kerk voor sondaars buig en hulle dien, sal die wêreld weet dat ons Sy volgelinge is.

Gebed: Liefdevolle Vader, maak my vandag 'n simbool van U liefde in die wêreld, sodat my lewe 'n boodskap teenoor almal sal wees.
- Pitkos vir die Pad, Annes Nel, CUM, 2004.

# Encounter with God!

I thank the Lord for a wonderful encounter with Him!! A few years ago I was introduced to a newspaper called *"Goeie Nuus" / "Good News".*

I started reading it and very quickly fell in love with it! Over time, I came across several testimonies and also many words of encouragement. I was so inspired!

I've come to know that God's Word is absolutely trustworthy. After faithfully reading the newspaper for some time, I came to the realization that I needed to accept Jesus Christ as my personal Lord and Saviour! I can't stop thanking Him for His saving grace! He brought me to a place where I had a personal encounter with Him and was convicted of sin by the Holy Spirit.

My life was completely changed ever since the day I read the verse in Romans 12:2 that states: *"Do not conform to the pattern of this world, but be transformed by the renewing of your mind. Then you will be able to test and approve what God's will is - His good, pleasing and perfect will."*

Every month, I am so excited and can't wait for the new edition of the *"Good News"* to appear so that I can pick up a copy and read the latest testimonies and articles that mean so much to me and help me mature spiritually. I also share the *"Good News"* with others and they find it very informative and uplifting. I've since joined a local congregation and am doubly blessed, since I also grow spiritually by listening to my pastor and mentor whose preaching and teaching help me along my way.

Isaiah 60:2 is a powerful word for us all. God is telling His people to arise and move forward. Move into your calling! It's time to let go of the past and all that hinders you to fulfil your spiritual purpose and destiny!



*Shaunette Henry*

# 'N WARE STORIE DAAR UIT BETHLEHEM, VRYSTAAT SE WÊRELD

Ek kom vanoggend so 07:15 by die werk, sluit my werkswinkel oop, en dank my Hemelse Vader vir die werkswinkel, gesondheid en omdat ek SY vrede en vreugde ervaar.

'n Kliënt kom vinnig nader en klim uit sy motor met 'n *Wimpy*-koffie in sy hand en kla dis nie meer die koffie soos van ouds nie. 'n Ander persoon wat ek ken, kom van die slaghuis af aangestap met 'n pakkie vleis en al kouende aan sy biltong grom-groet hy so asof dit 'n stryd is om te lewe.

Ek besluit: "Vandag wil ek luister." En ek het goed geluister...

Dit is nou 18:00, en ek wil jou vertel wat ek vandag gesien en ervaar het.

Ouens met baie geld het gekla oor pryse wat te hoog is. Die biltongman het gesê daar is amper geen vleis op die rakke nie. 'n Ander een het gekla oor ou brood en 'n ander persoon oor 'n koue hamburger wat hy wou vat en in *Steers* se 'manager' se keel wou afdruk. My suster het gekla oor haar CD-speler wat skoongemaak moet word en dit kos R80 wat sy nie kan betaal nie, want sy het nie geld nie!

Ek vertel jou net kortliks wat ek vandag gesien en ervaar het. Mense kla en kla en ek wens hierdie klakouse met wie ek net vandag te doen gehad het, kon sien en ervaar wat ek vroegoggend beleef het. Ek wonder of hulle dan nog so sou kla...

Terwyl die een persoon nog so oor sy koue hamburger kla, vang my oog 'n ou Kleurlingman wat in die slaghuis se vullissakke krap. Die ou krap so tussen al die sakke en ek hou hom dop. Hy krap iets uit, ruik daaraan, hap en sluk sonder om te kou. Ek stap nader na hom.

"Môre," groet ek. "Wat is jou naam?" "My naam is ou Abraham, my Lanie," antwoord hy. "Nou wat doen jy so vroeg hier tussen die ou vrot goed, ou Abraham?" "Ek is honger, my Lanie." "Maar ou Abraham, die goed is vrot, jong!" "Ek weet my Lanie, maar die Jere het nog nie vandag vir my 'n ietsie afgegooi nie, maskien Hy is kwaad vir my."

"Ou Abraham, hoekom vra jy nie vir geld as jy iets wil koop om te eet nie?" "Ek het my Lanie, maar daardie man..." (en hy wys na die biltongvreter) "hy het my amper netnou gaslaan, hy sê ek moet voertsek, my Lanie."

"Hoe oud is jy ou Abraham?"
"78, my Lanie." "Waar bly jy ou Abraham?" "Daar bo teen die berg." (Dis 8 km ver van ons af).

"En jou mense, ou Abraham?" "Net my vrou bly by my, mar sy bene kan nie meer werk nie. Nou kan sy nie uit die huis kom nie." "Kry jy oumens-pensioen, ou Abraham?"
"Nee my Lanie, nog nie, maar Mandela se mense sal nog plan maak, so ek wag maar my Lanie."
Abraham se broek is nie meer 'n broek nie - sy skoene het nie sole nie - en daar is iets aan sy lyf wat dalk lank terug 'n hemp kon gewees het. Ek vra in my binneste 'Here, wat nou, Here?' maar ek kry geen antwoord nie. Ek hoor niks.

"Ou Abraham, ek dink regtig nie die Here het van jou vergeet nie."
"Ja, my Lanie."
Die ou oë is glasig en dof, sy kop hang al vooroor soos hy jare lank al probeer om naby hom te sien. Die vulliswa trek in om die vullis te verwyder, en die manne verskreeu ou Abraham.

"Waarnatoe gaan jy nou, ou Abraham?" "Ek gaan brood soek om huis toe te vat, my Lanie. Ek het klaar 'n kannetjie vir die water." Ou Abraham het 'n glimlag om sy geplooide mond.
"As my Lanie wil, kan ek 'n besem bestuur en die plek mooi skoon vee vir 'n stukkie brood."

Ek dink by myself: 'Is dit nou U, HERE, wat deur Abraham met my praat?' "Ou Abraham, is jy seker jy het 'n 'liksens' om die besem te bestuur?"
"Ja, my Lanie, my vrou het dit vir my gegee toe sy bene siek geword het."

"Dis goed so, ou Abraham, die mense jaag jou oral, maar vandag het die HERE vir jou 'n groot werk gegee - jy is van vandag af die 'General Manager' van die besems. Jy is die Baas van die besems; hierdie besems gaan vir jou koffie gee in die plek van water en vars kos in die plek van vrottes. 'n 'Manager' moet ook mooi skoon aantrek, so ek gaan vir jou elke dag 'n skoon oorpak gee! En ek gee jou ook 'n geldjie vir die ou vrou by die huis. Ek sien jy is 'n man wat vir ons nog baie in die toekoms gaan leer oor die lewe, ou Abraham."

"Kan ek elke dag inkom, my Lanie?"
"Ja Abraham, want Vrydae kry die 'Besem-Managers' 'n lekker "Sitdown-Wimpy-ontbyt" en 'Besem-Managers' werk net van 8 tot 11uur, want hulle het tyd nodig vir hulle siek vrouens."
"Is reg so my Lanie, ek sien nou die Jere het 'n ander plan gehad vandag en amper dink ek Hy het my en die ou vrou gaforgeet. Jammer, Jere, omdat ou Abraham nie reg vastaan het nie."

Ek is die Here my God vandag so dankbaar vir iemand wat nie oor biltong kla nie, iemand wat nie oor leë rakke in die vleismark kla nie, en iemand wat nie oor koue hamburgers en koue koffie kla nie. Ek is my Vader só dankbaar dat Hy ou Abraham nie vergeet het nie!

Doen my, jouself, en ander 'n guns, en probeer net een dag om oor niks te kla nie, want ou Abraham was vandag vir my so 'n groot inspirasie. 'n 78-jarige, half-blinde man met toiings aan sy lyf wat nog steeds glimlag en nie kla nie! En ek sê met trots: "Vandag het ek 'n waardige, my beste ooit, Besem-bestuurder gekry!!!"

Die Here is vir ons so goed en as ek voel die lewe druk, kyk ek na my Besembestuurder en ek weet ek het niks om oor te kla nie!

*- Werkswinkeleienaar*

# 'n Boodskap vir die Kerk...

God woon onder die lofsange van Sy volk. Toe die Israeliete om die stad Jerigo geloop het, het hulle die Here geprys. En hulle het die oorwinning oor die vyand behaal!

Toe Salomo die tempel ingewy het, was die Here teenwoordig en Sy heerlikheid was oorweldigend!

Ons hoor dikwels dat mense sê sulke dinge gebeur nie vandag meer nie. Ons geestelike oë is egter net gesluit. Ons leef te haastig en "sien" nie meer die onsienlike nie.

Ons herderspaar het geweldig baie gebid en gevra dat die Here Sy heerlikheid sal openbaar wanneer die nuwe kerkgebou toegewy word aan die Here. Oënskynlik het daardie dag niks gebeur nie, maar die Here laat Hom nie voorskryf wanneer Hy iets moet doen of wat Hy moet doen nie. Hy maak soos Hy wil wanneer Hy wil.

Die volgende dag, met die Nagmaalviering, toe mense gesing het en God geloof en geprys het, het die Gees van God vaardig geword. Terwyl ons herder begin met die verrigtinge, sien ek agter hom 'n gestalte. Ek knip-knip my oë en kyk weer. Ek sien iemand agter ons pastoor. Eers dink ek dis 'n engel, maar toe sien ek dis die Here Jesus! Hy is 'n vreeslike Groot Man en Sy twee hande is uitgestrek na die gehoor. Ek sien die groot en lang moue. Spierwit hare tot op Sy skouers. Rondom Hom skyn 'n skerp lig. Ek kan dit nie beskryf nie. Die glans is te geweldig!

Hy het 'n growwe oorkleed aangehad. Ek kon die plooie van die oorkleed sien; die growwe tekstuur van die materiaal. Maar Sy gesig kon ek nie duidelik sien nie (dit was wasig), maar die hare - alles het ek duidelik gesien. Ek was oorweldig! Die Heilige Gees het oor my gekom en ek het gehuil. Geweldig gehuil - die ervaring was só diep.

Ons gaan huis toe, maar ek is nog so diep aangeraak dat ek dadelik slaapkamer toe gaan. Ek praat met die Here. Sê vir Hom daar is dinge wat ek nie mooi verstaan nie. Dinge wat my hinder. Hierdie gesig wat ek gesien het. Die growwe kleed wat Hy aangehad het. Hoekom was dit nie wit nie? Ons hoor altyd van Sy spierwit kleed. Oorkleed. Hoekom was dit nie wit nie? Naaswit. Maar nie spierwit nie.

Die Here sê vir my daar is baie werk om te doen. Daarom het Hy 'n growwe, naaswit oorkleed aangehad. Hy stel die voorbeeld aan Sy kinders op aarde: Daar is nog baie werk wat vir Sy Koninkryk gedoen moet word! Hy herinner my aan die droom wat ek 'n paar dae vantevore gehad het. Hierdie droom en my gesig van die oggend vul mekaar aan.

Daar is baie werk wat vir Hom gedoen moet word. Dit is nie nét die herders en leraars wat moet werk nie, maar élke lidmaat van elke gemeente moet werk! Van die kleinste tot die grootste. Hierdie kerk is klaar gebou met stene en sement. Dooie stene wat opmekaar gestapel lê. Elke kind van die Here moet 'n *lewende* steen word in die geboue wat uit dooie stene opgerig is. Elke lidmaat het 'n taak. Nie een moet dink hy/sy is te gering of hy/sy is nie waardig nie.

Die Here roep elke kind van Hom op om werksklere aan te trek en Hom te help in die uitbouing van Sy Koninkryk. Die pad wat nog voorlê, is baie kort en daar is nog baie werk om te doen voordat die Here Jesus weer kom. Elke gelowige moet na homself kyk en introspeksie doen sodat hy/sy 'n lewende steen kan word.

Die droom wat ek gehad het, is soos volg en dien as 'n waarskuwing dat elke kind van God sy/haar lewe in oënskou moet neem en gereed moet maak vir Jesus se wederkoms.

Ek bevind my op 'n plek waar 'n klomp mense byeen is. Dis vroegoggend en almal moet kos kry. Van ons is besig om ontbyt voor te berei. Dan kom daar 'n man en vra my vir jellie en roomys. Ek sê vir hom, "Sjoe, ons bedien eintlik nou net ontbyt, maar ek sal vir jou jellie en roomys gee." Hy neem 'n bordjie en ek wil vir hom inskep, maar sien en voel dat die bordjie vuil is.

Ek wil dit sommer onder die kraan met my hande was, maar sover ek was, kom daar wurms uit. Ek draai die kraan nog groter oop en probeer alles wegwas. Ek merk op dat daar krakies is en onder die verf ook nog maaiers.

Die man kom staan voor my en is baie haastig. Skielik besef ek dat hierdie man nie sien hoe ek sukkel om die wurms uit die bord te kry nie. Hoe meer ek was, hoe meer wurms is daar. Maar hy sien niks en wil sy bordjie hê!

Geskok besef ek dat as ek nou sy roomys en jellie in die bordjie skep, hy wurms gaan eet saam met die nagereg. Ek besef hy is so blind dat hy nie kan sien daar is wurms in die bord nie. Die Here wys vir my dat hy só haastig en gejaagd is dat hy nie die wurms kan sien nie!

Later kom daar 'n vrou met 'n baie mooi rok aan. Toe sy naby kom, lyk dit asof daar strepies in haar oë gesny is. Ek skrik, maar besef dat die vrou al die tyd 'n masker oor haar gesig het!

Hierna kom ek by die kerk by 'n klein kamertjie waar my man besig is om skoon te maak. Hy haal al die meubels uit, neem 'n besem, vee en maak die kamertjie skoon. Maar die oomblik toe ek in die kamertjie kom, gril ek. Daar is iets in die kamertjie wat nog nie skoongemaak is nie. Dit lyk op die oog af skoon, maar dit is nog nie heeltemal skoon nie.

Terwyl ek met die Here oor hierdie dinge praat, sê Hy vir my: My kinders moet werksklere aantrek en wérk; hulle moet ook introspeksie doen. Die man wat roomys en jellie wou gehad het, is 'n voorbeeld van mense wat sê hulle is Christene, maar hulle leef so haastig en lees en ondersoek nie My Woord elke dag nie. Hulle "eet" en "verteer" nie die Brood van die Lewe nie. Hulle soek net vinnige en "lekker" preke. Hulle "eet" baie wurms in die alledaagse lewe en kan nie die vrug van die Heilige Gees voortbring nie.

Jesus sê vir Sy Kerk: *"As julle My waarlik liefhet, sal julle My Woord ondersoek en My gebooie onderhou. Dooie stene moet lewende stene word. My volk gaan ten gronde weens 'n gebrek aan kennis van My Woord."*

Die vrou met die masker is soos Christene wat voorgee om te wees wat hulle nie is nie. Jy sien hulle en besef nie hulle loop met 'n masker nie. Mense sien dit nie, maar God sien dit. Daarom moet elke Christen introspeksie doen en die sonde in sy/haar lewe aflê, m.a.w. 'n lewe van heiligmaking nastreef. Dit is deel van die "baie werk" waarvan Jesus gepraat het. Elkeen moet na homself/haarself kyk en die sonde aflê. Die kamertjie wat skoongemaak is, moes ook nog ontsmet word. Mense kom tot bekering, maar hulle besef nie dat die Heilige Gees nou intrek neem in die kamertjie wat nog nie skoon is nie. Alles (elke vorm van sonde en ongeregtigheid) wat nie vir die Here welbehaaglik is nie, moet deur die Heilige Gees uitgevee word. Hy sal ons oortuig van sonde en oordeel en ons in die volle waarheid lei. As Hy dan werklik in ons leef, sal Hy sê waar en hoe ons oortree. God verklaar aan ons: Wees heilig, want Ek is heilig.

As ons nie almal Geesvervulde stene is nie, as ons skynheilig lewe, as ons mekaar aftakel, hoe kan ons doen wat die Here wil hê ons moet doen as Sy huis verdeeld en sondig is? Ons kan net almal biddend uitroep: Here, maak skoon wat nie skoon is nie. Neem weg alle laksheid en luiheid. Gee vir ons vuur, ywer en krag om U wil te doen en U te behaag!

*- Annalee le Roux*

# Bummer Lambs

Every once in a while, an ewe will give birth to a lamb and reject it. There are many reasons why she may do this. If the lamb is returned to the ewe, the mother may even kick the poor animal away. Once an ewe rejects one of her lambs, she will never change her mind. These little lambs will hang their heads so low that it looks like something is wrong with their neck. Their spirit is broken. These lambs are called "bummer lambs." Unless the shepherd intervenes, these lambs will die - rejected and alone.

So, do you know what the shepherd does? He takes that rejected little one into his home, hand-feeds it and keeps it warm by the fire. He will wrap it up with blankets and hold it to his chest so the bummer can hear his heartbeat. Once the lamb is strong enough, the shepherd will place it back in the field with the rest of the flock.

But that sheep never forgets how the shepherd cared for it when his mother rejected it. When the shepherd calls for the flock, guess who runs to him first? That is right, the bummer sheep. It knows his voice intimately. It is not that the bummer lamb is loved more, it just knows intimately the one who loves it and has experienced that love one on one.

So many of us are bummer lambs, rejected and broken. But God is the Good Shepherd. He cares for our every need and holds us close to His heart so we can hear His heartbeat. I am a bummer lamb adopted and loved by The Good Shepherd! Let us point others that need the love of the Good Shepherd to Him, so they can also experience His overwhelming care!

*- Author unknown*

# KWARTEEU!

*Vervolg van p. 1*

*"Good News"* (April 1998), het God se Heilige Gees mense se lewens aangeraak. Ds. Wesley Lamprecht van Potchefstroom kon o.a. in die volgende uitgawe skryf van Mattys* se oorgawe aan die Here nadat hy hierdie Koerant in sy posbus ontvang het. Hierdie jongman, 'n professionele sportman, se onverantwoordelike lewenstyl het hom finansieel geruïneer en hy was hoog in die nood. Sy gesinslewe was ook ongelukkig en hy het innerlik geweldig geworstel oor die sin van die lewe. Toe hy artikels in die Koerant begin lees, het God se Gees in sy hart gewerk en het hy sy lewe aan God oorgegee en Jesus aangeneem as Saligmaker. Na hierdie gebeurtenis is hy na ds. Wesley vir verdere hulp en leiding.

*2.* In Januarie 2005 het 'n gedig "Aan Sy Hand" in die *"Goeie Nuus" / "Good News"* verskyn. 'n Jong meisie van Klerksdorp het dit uitgeknip en aan die binnekant van haar Bybel geplak en daarby geskryf dat sy haar lewe opnuut aan die Here toewy. Sy is kort daarna oorlede en vir haar geliefdes was dit 'n wonderlike troos om te weet dat haar saak met God reg was en dat sy na Hom toe is.

3. Gedurende Maart 2005 ontvang ons 'n brief van 'n dame wat na aanleiding van 'n getuienis in 'n vorige Koerant die betrokkenes gebel het en deur hulle skakeling met mekaar en gebede vir mekaar is haar gesin, en veral haar seun oor wie sy baie bekommerd was, se hele lewe verander.

4. Ons het oor 'n aantal jare verneem van meer as een bedelaar wat die Koerant op 'n wonderbaarlike manier in die hande gekry het. Een man het net 'n gedeelte van die Koerant waarop die nommer van 'n Huis vir Haweloses was, langs die Mooirivier gekry. 'n Paar bedelaars het toe daarheen gegaan en die Here as Saligmaker gevind. Een is later deur 'n motor raakgery en het gesterf, maar die dame in beheer van hierdie Skuiling het geweet dat hy gered en gereed was om die ewigheid tegemoet te gaan.

5. Ons het per geleentheid 'n e-pos uit Australië ontvang om dankie te sê aan *"Goeie Nuus"* se lesers wat op 'n vorige brief van haar wat in die Koerant geplaas is, gereageer het en geestelike leesstof en musiek aan haar gestuur het vir die biblioteek wat hulle Afrikaanse gemeente aldaar begin het.

6. 'n Leerder van Klerksdorp het ons gekontak en gesê dat sy van Gr.10-12 op die VCSV-Bestuur gedien het en dat sy talle van die artikels en getuienisse in die *"Goeie Nuus"* gebruik het om God se LIG en ALMAG te verkondig. Talle ander kinders asook selfs onderwysers uit die onderskeie dorpe waar die Koerant versprei word, het laat weet dat hulle van die leesstof gebruik maak wanneer hulle openingsgeleenthede moet waarneem.

7. 'n Dame, Azarel*, wie se gedigte al 'n paar keer in die *"Goeie Nuus"* verskyn het, het laat weet dat baie mense haar ná die lees daarvan geskakel het en dat sy hulle kon help met hul probleme.

8. Ons het oproepe ontvang van mense wat wou selfmoord pleeg en wat deur artikels en getuienisse verhoed is om tot die daad oor te gaan. So was daar ook 'n hooggeplaaste in 'n Staatsdepartement wat van plan was om sy gesin uit te wis en dan ook homself. Sy oog het op 'n telefoonnommer in die *"Goeie Nuus"* geval en hy het daardie persoon ('n voorbidder) geskakel. Die man kon mooi met hom praat en dit het baie dae van volharding gekos, maar die betrokke persoon het die Here aangeneem en 'n verskriklike tragedie is afgewend!

9. 'n Ander geval is dié van 'n ouerige man wat só diep deur 'n sekere artikel getref is dat hy na sy getroude kinders gegaan en hulle om vergifnis gaan vra het omdat hy nie toe hulle jonk was die nodige aandag aan hulle gegee het nie. Wonderlike versoening het plaasgevind en almal was vol vreugde.

10. Johan Zerwick wat die Tswana-artikels behartig wat in *"Goeie Nuus"* verskyn, getuig dat hy gewoonlik maandeliks nie minder nie as 20 briewe ontvang van mense wat graag Bybels wil hê en wat getuig van hoe die lees van hierdie Koerant hulle lewens verander het! Hy het sedertdien dertig van hierdie artikels in 'n Tswana-oordenkingsboek gepubliseer.

11. 'n Dame van Tosca het gedurende 2013 geskakel en vertel hoedat sy maandeliks die Tswana-artikels uitknip, lamineer en aan 'n groot boomstomp wat sy en haar man naby die poskantoor in sement "geplant" het, ophang. Die Tswana-mense van die omgewing kan nie wag vir elke nuwe maand se *"Goeie Nuus"* nie. Hulle staan tou om die artikels te lees!

12. 'n Christendame wie se man kort vantevore oorlede is, het so baie na hom verlang dat sy dit sterk oorweeg het om 'n medium te kontak sodat sy in aanraking kon kom met haar oorlede man. Sy lees toe in die *"Goeie Nuus"* 'n artikel deur Pastoor Bill Marks hoe gevaarlik hierdie gebruik is en dat dit in wese satanies is. Sy het hom geskakel en hy kon haar met raad bedien en versterk sodat sy heeltemal van haar voorneme afgesien het!

13. Prof. C Venter was gedurende 2009 by NASA buite Washington, DC in die VSA, werksaam. Hy het 'n aantal kopieë van *"Goeie Nuus"* saamgeneem en uitgedeel aan sy nuwe kennisse. Een dame het na hom toe gekom en vertel dat 'n bepaalde artikel haar baie diep getref het en dat die woorde net vir haar bedoel was. Hierdie vrou het etlike jare gelede verwerping en diep pyn in haar gemeente ervaar en het van die Here af weggedryf. Sy kon haar hart uitpraat. Hulle het saamgebid, sy het almal vergewe en hierna het sy weer by 'n gemeente ingeskakel en haar verhouding met die Here vernuwe.

Ons kry voortdurend steeds meer oproepe en korrespondensie van persone wat gered, gehelp, vertroos, versterk en bemoedig word deur die lees van *"Goeie Nuus"*. Dit verbly ons dat ons instrumenteel kan wees om mense na God te rig en Hom voor te hou as Verlosser, Geneesheer, Vriend, Raadsman en Vredevors en ons is oorstelp oor God se deernis, genade en liefde wat Hy aan talle mense bewys!

**LIEWE LESER, help ons asb. om die GOEIE NUUS van JESUS se LIEFDE en REDDING aan nog méér mense uit te dra en word 'n deelgenoot aan die uitbouing van God se Koninkryk. U kan op die volgende maniere betrokke raak:**

* **BID** asb. elke dag in u stiltetyd vir die uitgewers, verspreiders, adverteerders en borge van *"Goeie Nuus"*.
* Stuur die digitale Koerant aan u *WhatsApp*-kontakte of stuur dit aan per e-pos.

Na 25 jaar kan ons 'n boek skryf oor al die kosbare getuienisse en gebeure rondom hierdie Bediening! Ons is so dankbaar en wil dit graag vier saam met die gelowiges wat deelgenote was en ontvangers was van God se seën. **Daarom het ons dit goed gedink om 'n Lofprysingsoggend te hou op Saterdagoggend 20 Mei 2023, waar ons tydens 'n heerlike ontbyt God se grootheid sal prys op die maat van gesalfde musiek. Voorts sal die bekende gospelsanger, Piet Smit, ons lei in danken loftliedere op Sondagaand 21 Mei 2023.** Dit is ons hartswens om alle eer en lof aan ons getroue Vader te bring vir 25 kosbare en geseënde jare van Bediening! Ons sou dit nooit sonder Sy sorg en genade kon doen nie, en Hy moet al die eer kry vir die geestelike vrug wat vermenigvuldig het tydens hierdie bedieningstyd van 25 jaar!




# WHAT A REVIVAL IS

## - Charles G. Finney

**A revival is nothing else than a new beginning of obedience to God.**

A revival always includes conviction of sin on the part of the Church. Backslidden Christians cannot wake up and begin right away in the service of God without deep searching of their hearts. The fountains of sin need to be broken up. In a true revival, Christians are always brought under such conviction that they see their own sins in such a light that they find it impossible to maintain hope of their acceptance by God.

Christians will have their faith renewed. While they are in their backslidden state, they are blind to the state of sinners. Their hearts are hard as marble. The truths of the Bible appear like a dream. They admit it to be all true; their conscience and their judgment assent to it; but their faith does not see it standing out in bold relief, in all the burning realities of eternity.

But when they enter into a revival, they no longer see "men as trees, walking," but they see things in that strong light which will renew the love of God in their hearts. This will lead them to labour zealously to bring others to Christ. They will feel grieved that others do not love God, when they love Him so much. And they will set themselves feelingly to persuade their neighbours to give Him their hearts. So their love to men will be renewed. They will be filled with a tender and burning love for souls. They will have a longing desire for the salvation of the whole world. They will be in agony for individuals whom they want to see saved - their friends, relations, enemies. They will not only be urging them to give their hearts to God, but they will carry them to God in the arms of faith, and with strong crying and tears beseech God to have mercy on them, and save their souls from endless burning.

When the Churches are thus awakened and reformed, the reformation and salvation of sinners will follow. Their hearts will be broken and changed. Very often the most abandoned profligates are among the subjects. Harlots, drunkards, and infidels, and all sorts of abandoned characters are awakened and converted. The worst of human beings are softened and reclaimed, and made to appear as lovely specimens of the beauty of holiness.

--- o o O o o ---

More than 150 years ago, God raised up a voice so cutting that it penetrated the hardened hearts of the sleeping Churches. The Christians were shocked and angered by such piercing words. God was crushing the believers by the voice of Charles G. Finney and a tremendous revival swept over America! Today there is no voice strong enough to awaken the sleeping Christians and the End Time is here! Our KING is coming! Let us be found holy and labouring at His appearing!

*Let us renew our hunger and thirst for God, and let us pray for a powerful move of revival by the Holy Spirit in our country! - Editor*

## O VADER VAN MY LEWE...

*U wat my
so goed ken,
U weet presies hoeveel
emosies binne-in my stoei.
U ken my verlede en hede en
U weet reeds wat al my môres inhou.
Help my om my lewe onvoorwaardelik
in U hande te plaas en U dan
volkome daarmee te vertrou.
Wees asseblief my Padwyser as ek
verdwaal, my Leidsman wanneer ek
antwoorde soek, en my Trooster as my
hart wil breek. My Hemelse Geneesheer
in tye van siekte, my Krag as ek steiltes
moet klim, my Moed as ek hoop begin
verloor, my Lig as dinge donker om
my begin raak en my Vreugde as
ongelukkigheid my wil oorweldig.
Hier is my lewe, Vader-God...
Sluit U groot hand van genade
en seën saggies om my brose
menswees en loop die pad
saam met my tree vir tree...
Totdat ek eendag vir altyd
tuiskom by U!
Amen.*

*When I
survey
Your amazing loving-kindness
and mercy*

*I sense
that I am standing
on an i-m-m-en-s-e shore
of such great and wondrous truth
and awesome magnitude*

*That I just want to
launch out into the d-e-e-p
And drink and drink to overflowing...
© Huegene Venter*

Jer. 20:11
★★★ B&B Uit die Hand van die HEER
KLERKSDORP
BETER PRYSE VIR HOSPITAALBESOEKERS
Skakel "Alte-Welkom"
082 492 2299
018 468 1921
altewelkom@telkomsa.net
www.altewelkom.com

